



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

RELIGIESTUDIES V2

2023

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.
2. Beantwoord enige DRIE vrae.
3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
4. Lees AL die vrae aandagtig deur.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1

1.1 Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

OMGEWINGSAGTERUITGANG

'n Paneel van die Verenigde Nasies oor 'n Internasionale Strategie vir Rampvermindering ('International Strategy for Disaster Reduction') definieer omgewingsagteruitgang as 'die vermindering van die kapasiteit van die omgewing om aan sosiale en ekologiese doelwitte en behoeftes te voldoen'. Daar is baie tipes omgewingsagteruitgang. Wanneer natuurlike habitate vernietig word, of natuurlike hulpbronne uitgeput raak, is daar omgewingsagteruitgang.

[Bron: <https://en.wikipedia.org/wiki/Enironmental-degradation>]

- 1.1.1 Noem en verduidelik DRIE tipes omgewingsagteruitgang. (12)
- 1.1.2 Analiseer DRIE gevolge van omgewingsagteruitgang en verduidelik die invloed daarvan op die samelewing. (12)
- 1.1.3 Met verwysing na enige EEN godsdienst wat jy bestudeer het, noem DRIE van die leringe wat riglyne oor omgewingskwessies gee. (6)
- 1.2 Bespreek die sentrale leringe van enige EEN godsdienst onder die volgende opskrifte:
- 1.2.1 Die aard van die wêreld (10)
- 1.2.2 Die plek en verantwoordelikheid van menslikheid in die wêreld (10)
- [50]**

VRAAG 2

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Dit is waar dat daar in die meeste godsdienste verskillende interpretasies van gelowe bestaan. Dit lei tot belangrike verskille wat soms uitloop op die vorming van segmente of vertakkings en ander afdelings, byvoorbeeld verskillende kerkverbande in die Christelike geloof.

[Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

- 2.1 Met verwysing na enige EEN godsdienst wat jy bestudeer het, noem TWEE vertakkings daarvan. (4)
- 2.2 Bespreek die verskille wat bestaan in die vertakkings wat jy in VRAAG 2.1 genoem het, onder die volgende opskrifte:
- 2.2.1 Verskille ten opsigte van praktyke (8)
- 2.2.2 Verskille ten opsigte van oortuigings (8)
- 2.2.3 Dink jy dat interne verskille in godsdienste in die toekoms sal vermeerder? Gee redes vir jou antwoord. (8)
- 2.3 Bespreek die belangrikheid van *inspirasie* in die konteks van godsdienste. (10)
- 2.4 Noem DRIE hermeneutiese beginsels en verduidelik ELK van hulle. (12)
- [50]**

VRAAG 3

3.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Die evolusieleer voer aan dat mense uit 'n gemeenskaplike primatevoorouer met ape evolueer het. Die leer doen aan die hand dat alle lewe uit primitiewe vorms geëvolueer het en voortgaan om aan te pas en te evolueer. Alhoewel evolusie nie direk godsdienstige idees oor skepping teenspreek nie, is dit duidelik dat dit geen verduideliking van skepping as deel van 'n goddelike plan aanbied nie.

[Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

- 3.1.1 Evalueer krities die reaksie van Abrahamitiese godsdienste op die evolusieleer. (12)
- 3.1.2 Verduidelik die reaksie van Hindoeïsme op die evolusieleer. (12)
- 3.2 Verduidelik die *Oerknalteorie*. (14)
- 3.3 Bespreek Taoïsme se verduideliking van hoe die heelal ontstaan het. (12)
- [50]**

VRAAG 4

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Wanneer mense sekulêr aktief raak, vind hulle dat hulle 'n teorie van hulle eie moet voorstel, soms om godsdiens te vervang.

[Aangepas uit *Religion Studies Grade 12*, Steyn, et al.]

- | | | |
|-----|--|---------------------|
| 4.1 | Bespreek die oorsprong van Sekularisme. | (12) |
| 4.2 | Bespreek die leringe van enige EEN sekulêre wêreldbeskouing wat jy bestudeer het. | (12) |
| 4.3 | Hoe het Sekularisme die huidige Suid-Afrikaanse Konstitusie beïnvloed? | (12) |
| 4.4 | Dink jy dat Sekularisme 'n positiewe invloed op die samelewing as 'n geheel het? Gee redes vir jou antwoord. | (14)
[50] |

VRAAG 5

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Histories gesproke was verhoudings tussen verskillende godsdienste dikwels vol konflik. Alhoewel daar periodes van intense konflik was, was daar ook periodes van godsdienstige samewerking.

[Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

- | | | |
|-----|---|---------------------|
| 5.1 | Suid-Afrika is 'n multigodsdienstige samelewing. Bespreek hoe die Suid-Afrikaanse regering respek, verdraagsaamheid en begrip vir alle godsdienste bevorder. | (12) |
| 5.2 | Waarom, dink jy, help godsdienstige organisasies gewoonlik wanneer natuurrampe plaasvind? | (12) |
| 5.3 | Die volgende twee organisasies is gestig om intergodsdienstige verhoudings in Afrika te bevorder. Gee VIER feite oor elkeen. | |
| | 5.3.1 Die Program vir Christen-Moslem-verhoudinge in Afrika (PROCMURA) | (8) |
| | 5.3.2 Die Interfaith Action for Peace in Africa (IFAPA) | (8) |
| 5.4 | Die Handves vir Barmhartigheid is 'n globale netwerk wat deur Karen Armstrong, 'n kenner van wêreldgodsdienste, in samewerking met die Gewetensraad, geïnisieer is. | |
| | Maak 'n lys van VYF beginsels van die Handves vir Barmhartigheid. | (10)
[50] |

TOTAAL: 150